Koeksister kraai koning

Koeksisters is so eg Suid-Afrikaans soos David Kramer met sy rooi Vellies, biltong, braai en die Springbokke. Inwoners van Middelburg en eMalahleni kan nou 'n kans staan om met koeksisters groot pryse te wen.

As daar nou een vrou is wat op 'n man se kop mag sit, is dit die koeksister. Met haar goudkleurige voorkoms, soet smaak en verleidelike na-smaak, kan niemand haar weerstaan nie en word hulle ook gesien as die versoeningslekkerny.
Kom jy op 'n bassar of kermis is dit gewoonlik die koeksisters wat eerste opgeraap word. Nie eers te praat van 'n teeparty nie, want dan praat almal oor hoe die koeksisters smaak.

Dit is 'n feit. As daar nou een 'sister' is wat nooit uit die mode of oudmodies is nie, is dit die koeksister. Resepte word van geslag na geslag oorgedra en op funksies word daar of resepte gedeel of geheim gehou. Vra ook vir enige tuisnywerheid en hulle sal jou vertel dat die gewildste item in hul winkel, die koeksister is.

Een so 'n bakster vir 'n tuisnywerheid is Heila van den Bergh. Heila bak al vir drie jaar lank vir Die Oude Werf Tuisnywerheid. Dié bobaasbakster is oorspronklik van Polokwane, maar bly die afgelope drie jaar by Kranspoort-vakansiedorp.
Volgens haar is dit haar man wat altyd 'n lekkerny in die yskas wil hê wat haar gemotiveer het om te bak. "Ek het as jong bruid begin bak en moes maar my skoonma se hulp inroep toe ek wou koeksisters bak. Sy het haar resep met my gedeel en ek moet sê dat ek nog net komplimente gekry het. Dit is 'n maklike resep en die koeksisters kan selfs gevries word."
Sy vertel verder dat sy nog altyd daarna gehunker het om te bak. "Al het ek gewerk, wou ek maar altyd net in die kombuis wees om te bak en brou. Toe ek opgehou werk het, het ek voltyds begin bak, maar dit is die koeksisters wat my gewildste skepping is. Ek kan nie voorbly nie."

Soos Heila is daar baie vrouens sowel as mans wat nie hul liefde vir bak en brou kan vergeet nie en dit is veral koeksisters wat op almal se lippe is. Want wat is 'n kerkbasaar sonder 'n koeksister, of 'n vrouetee of kermis. As 'n koeksister nie op die spyskaart is nie, dan is dit nie eg Suid-Afrikaans nie.

Inwoners van eMalahleni en Middelburg wat graag koeksisters bak, kan 'n kans staan om groot pryse saam met Hullets te wen. Vir die beste pryse en produkte om jou koeksister te laat koning kraai, gebruik Hullets-produkte.
Sien advertensie langsaan.